# JOHANNES 13 : HOMILETIESE RIGLYNE

C W BURGER

"The feet-washing, like the Lord's supper, obviously anticipates what is mediated and given to the apostles and the whole church not merely by the presence and the life of Jesus but by his death." "The special washing of the feet is a *conditio sine qua non* for fellowship with Jesus." "With the uncompromising saying to Peter that he has no part with Jesus if he is not washed by Him, there is a concealed recollection that fellowship with Him necessarily involves the attitude of Mary (bedoelende Maria van Betanië) - not as a *conditio* but as a *consequens sine qua non*. Indeed the disciples are later required explicitly to wash one another's feet as a demonstra= tion of their confession of Him as their Lord and Master." (K Barth, *Church Dogmatics* II, 2, pp 473, 474.)

## 1. OORSIG

Die Johannes-evangelie val duidelik uiteen in twee dele: Christus se ver= houding tot die wêreld (Joh 2-12) en tot sy dissipels (Joh 13-17). Beide die dele begin Johannes met die vertelling van 'n teken (semeia) d i 'n werklike gebeure met 'n simboliese meerwaarde wat tekenend is van Christus se diepste intensie. In die eerste deel (Joh 2-12) het ons die bruilof in Kana en in die tweede deel (Joh 13-17) die voetwassing. Hierdie besondere daad van Christus, tydens die Nagmaal in die bovertrek, is vir Johannes simbolies van wat Christus vir sy dissipels (kerk) wil doen. Dis inder= daad 'n omvattende simbool waarin feitlik die hele evangelie gereflekteer word (Davies).

As ons Joh 13:1-30 as 'n eenheid neem, sou ons die perikoop as volg kon indeel:

| | | |
|---|---|---|
| vs 1- 3 | : | inleiding |
| vs 4-11 | : | voetwassing, gesprek met Petrus en eerste interpretasie van die voetwassing |
| vs 12-20 | : | gesprek met dissipels en verdere interpretasie van voetwassing |
| vs 21-30 | : | voorspel van Judas se verraad. |

## 2. UITLEG

2.1.1 Die eerste probleem i v m die uitleg van Joh 13 waaroor duidelik= heid gekry moet word, is hoe ons die voetwassing moet verstaan. In 1. Oorsig het ons reeds 'n belangrike pyler gegee wat ons kan help: die voetwassing is 'n simboliese daad van Christus wat heenwys na wat Hy vir

sy kerk wil doen. Dis egter 'n baie algemene stelling wat om nadere toe= ligting vra. Na watter werk of daad van Christus wys die voetwassing heen en presies watter waarde en betekenis het dit vir die dissipels?

2.1.2 'n Antwoord op hierdie vraag word bemoeilik deur 'n baie netelige teks-kritiese probleem in vs 10. Ons het daar twee variante lesings wat as volg vertaal kan word:

a) Hy wat klaar gebad het, hoef later niks meer as sy voete te was nie (*Die Blye Boodskap*);
b) Hy wat klaar gebad het, hoef nie te was nie (die woorde "niks meer as sy voete" word dus weggelaat).

Die langer teks a) is beter geakkrediteer as die korter teks, maar lewer allerhande probleme by die interpretasie. Die grootste probleem is dat daar 'n spanning ontstaan tussen vs 8 en 10. Uit vs 8 wil dit lyk asof die voetwassing lewensnoodsaaklik is ("as ek jou nie was nie het jy geen deel aan my nie"). Daarteenoor kry 'n mens uit vs 10 die indruk dat die voetwassing tog nie so belangrik is nie. Die langer lesing lewer ook baie probleme vir die betkenisduiding van die voetwassing. Volgens vs 10 is die voetwassing dan 'n sekondêre saak - 'n tweede "iets" wat Christus aan jou doen. Interessantheidshalwe noem ons 'n paar pogings tot inter= pretasie van die voetwassing as sekondêre saak. Die heel vindingrykste (en aanloklikste!) is dié van Cullmann (*Early Christian Worship*, p 105-110). Hy sien altwee sakramente in vs 10: die bad is 'n verwysing na die Doop en die voetwassing 'n verwysing na die Nagmaal. Die betekenis van vs 10 dus: die doop hoef nie herhaal te word nie, die Nagmaal wel! (Vgl ook Lüthi, Torrance, Strathmann (*NTD*)). Ander meen dat die voetwassing sien op daaglikse vergewing wat ook die dissipels nodig het (vgl vyfde bede van Onse Vader) of die voortgaande wederbarende en vernuwende werk deur Christus in die lewe van 'n gelowige (Calvyn). Sommige gaan selfs sover om hier 'n begronding van die bieg of boetedoening te sien (in navolging van Augustinus).

Op grond van hierdie en ander interpretasieprobleme meen ons dat dit beter is om die korter lesing b) te aanvaar. Die teks-kritiese gronde is mis= kiet nie so sterk as vir die langer lesing nie, maar tog sterk genoeg om die keuse te regverdig. (Vir 'n meer volledige bespreking van die pro= bleem verwys ons na die kommentare. Vgl veral Barrett, p 368 en Martin p 305-310).

2.1.3 Die meer gesaghebbende kommentare is redelik eenstemmig dat die voetwassing 'n proleptiese simbool is van die komende kruisdood van Christus (Schnackenburg, Barrett, Brown, Morris, Dodd. So ook Martin, Berkouwer en Barth). Berkouwer maak tereg die opmerking dat veral die *pro nobis*-karakter van die kruisdood beklemtoon word in die voetwassing. Deur die voetwassing gee Jesus nie net 'n verduideliking van die betekenis van die kruisdood in sigself nie, maar wil hy veral wys op die heil wat sy dissipels ontvang deur sy kruisdood.

2.1.4 Uit die eksegese van vs 1-11 kan die diepe betekenis van Christus se kruisdood nou verder toegelig word:

a) Jesus verrig hierdie daad in die volle bewussyn van sy goddelike mag en outoriteit. In vs 3 lees ons dat Jesus hierdie daad begin doen nie ten spyte van nie, maar "*omdat* Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het". Jesus doen hierdie daad wanneer die "uur" gekom het waarop sy vyande heel=tyd gewag het. Maar ten diepste is hierdie nie sy vyande se uur nie, maar "sy uur" (vs 1). Hy bly in volle beheer van die situasie. Die voetwassing (en daarom die kruisdood) is dus nie 'n daad wat uit nood gebore is en wat God as't ware teen sy wil doen nie. Ons het hier 'n openbaring van *God se eintlike wil*. Die kruis is 'n daad van sy regterhand (Luther). By die kruis kyk ons tot in God se hart en sien sy diepste heilsintensie. Hierdie uur is beplan - nie deur sy vyande nie, maar deur die Vader.

b) Die kruis is 'n uitdrukking van God se heilswil waarin veral sy *geweldige liefde* vir ons sigbaar word. Vs 1 plaas die gebeure van die voetwassing binne die konteks van Christus se liefde. Hy doen dit "omdat Hy sy eie mense liefgehad het, hulle liefgehad het tot die einde toe". "Tot die einde" kan beteken "tot die einde van sy lewe" of miskien beter nog soos *DBB* vertaal: "tot die uiterste toe". Dit het dan basies dieselfde betekenis as Joh 10:11: Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

c) Deur die daad van die voetwassing self, kom die kruis ook te staan in die lig van God se bereidheid tot diens en *selfvernedering*. Fil 2:6-11 en Luk 22:27 kan dien as kommentaar op hierdie aspek van die kruis.

d) Oor die baie belangrike *pro nobis*-karakter van die kruis wat uitkom in die voetwassing moet ons nog iets meer sê. Die kruisdood van Christus is nie maar 'n algemene daad sonder bestemming, 'n openbaring sonder adres nie. God wil daarmee nie maar net iets vir blote kennisname aan ons *sê* nie, maar ook iets aan ons *doen*. Hierdie *pro nobis*-karakter van die kruis kom veral sterk uit in vs 8: "As Ek jou nie was nie, het jy geen deel (eintlik "erfenis") aan my nie. Die voetwassing wil volgens vs 10 'n

reinheid bring wat maar net kan sien op die vergewing van sondes deur die bloed van Christus.

Barth sê: "He will give them Himself at the cost of His death ... He is not giving in the void when He gives in death. He gives it to them" (die dissipels). In die voetwassing gaan dit nie maar net om 'n ver= klaring en interpretasie vandie kruis in sigself nie, maar om 'n be= klemtoning van die *krag* van die kruis. (Barth praat van die "power and effect" van die kruis.) Sonder die voetwassing is daar dus geen verge= wing nie en ontvang ons nie Christus se erfenis nie.

In die voetwassing kom dus nie net die kruis in sig nie, maar ook geloof. Die voetwassingis nie net iets wat Christus doen nie, maar ook iets wat 'n dissipel aan hom laat doen.

2.2.1 In die voetwassingverhaal speel *Petrus* nogal 'n belangrike rol. Sy vrae gee in die eerste plek vir Christus die geleentheid om belangrike toeligting op Sy daad te gee. Maar verder staan Petrus in die verhaal as 'n tipiese representant van die dissipels en die kerk. As die voet= wassing 'n simbool is van die kruisdood van Christus, dan sien ons in die optrede van Petrus hoe mense gewoonlik reageer op die kruisliefde en kruisgenade.

2.2.2 Die belangrikste en mees basiese ding wat Johannes vir ons wil sê in hierdie verband is dat die kruisgenade, snaaks genoeg, gewoonlik *weerstand* oproep by die mens. Dis op 'n manier onbegryplik, iets waar= oor 'n mens jou verwonder (Joh 1:4,5 en 9-11) maar dis onteenseglik waar. Om die een of ander rede is daar by die mens verset teen God se liefde en genade in Christus.

2.2.3 Wat is nou die rede vir Petrus se verset? Hoekom wil hy Jesus nie toelaat om sy voete te was nie?

a) Die eerste rede is redelik voor die hand liggend en duidelik: onkunde en misverstand. In antwoord op Petrus se aanvanklike vraag sê Christus vir hom dat hy nie begryp wat Hy, Jesus, nou aan hom wil doen nie. Is dit nie die vernaamste rede agter ons verset teen die genade nie: dat ons Christus nie regtig verstaan nie?

b) Vanuit sy standpunt oor die Hellenistiese agtergrond van die Johannes-evangelie is dit te begrype dat Bultmann sê dat dit by Petrus

gaan om 'n "refusal to see the act of salvation in what is lowly, or God in the form of a slave" (p 468). Hierdie stelling van Bultmann is waarskynlik reg, maar miskien is dit beter om dit te begrond vanuit Petrus se Messiasbeeld (vgl ook Mark 8). Hierdie nederige optrede van Jesus het nie geklop met Petrus se beeld en verwagtings van die Messias nie. "He had his own conception of the Messiah and, in his view, towels and Messiahs did not comport" (Davies p 473v). Dit gaan hier oor wat Paulus in 1 Kor 1 noem: die oënskynlike swakheid van die kruis wat 'n struikelblok is vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke.

c) Die vernaamste rede agter Petrus se verset is egter *trots*. Dit was vir hom 'n vernedering dat Jesus sy voete moes was. Torrance gebruik 'n baie treffende vergelyking om Petrus se gevoel weer te gee: "The husband who feels humiliated when his wife brushes his shoes, may per= haps feel a tiny fraction of Peter's humiliation" (p 139). By hierdie punt moet sterk gewaak word teen 'n te ongenuanseerde dogmatiese ekse= gese. (In Protestantse kringe word redelik wyd aanvaar dat hoogmoed die wese van die sonde is. Dis net opvallend dat die kommentare uit Protes= tantse kring baie sterk klem lê op hierdie aspek, terwyl die katolieke kommentatore dit feitlik verswyg.) Ons meen tog dat met veiligheid gesê kan word dat Petrus in sy eer gekrenk was deur hierdie optrede van Christus. In lyn met Johannes se simboliese duiding van die voetwas-episode, sou verder gesê kon word Petrus se verset 'n teken is van die mens se weerstand teen die genade. Die implikasie van die voetwassing was dat die dissipels vuil en onrein (vs 10) was. Deur Christus toe te laat, sou Petrus dit erken - en dis nie 'n maklike saak nie. "Jesus here claims to do something for Peter that Peter could not do for himself" (Davies, p 474). Hierdie swakheid en onvermoë van hom word erken deur die mens wat homself onder die reddende krag van die kruis gaan stel.

d) As Jesus vir Petrus daarop wys dat hy sonder die wassing geen deel aan Hom het nie, slaan Petrus oor na die ander uiterste en wil sy hande en gesig ook gewas hê. Hoe moet ons hierdie verandering by Petrus en Jesus se reaksie daarop verstaan? Dis baie duidelik dat Petrus nog nie regtig begryp waarom dit gaan nie. Twee verduidelikings word aangebied. (By albei word uitgegaan van die korter lesing in vs 10, vgl 2.1.2.)

(i) As Petrus hoor dat daar iets meer by die wassing op die spel is, dat dit gaan om Christus se erfenis, dan wil hy soveel moontlik daarvan ontvang. In sy antwoord wys Jesus vir Petrus dan daarop dat die voetwassing as sulks geen krag het nie. Dis bloot 'n teken wat heenwys na die eintlike heilsgebeure. Daarom

het 'n wassing van die hande en gesig geen sin nie (vgl Barrett, p 368).

(ii) 'n Meer dogmatiese interpretasie, wat nie so maklik te beoordeel is nie, is dat Petrus hier om meer vra as wat Christus aan die kruis vir ons gee. Dehn sê dat wat Petrus hier vra, is volkome heiliging en sondeloosheid. Ook Martin meen dat Petrus hier vra vir 'n meer volkome reiniging. Dit word in vs 10 dan deur Christus afgewys.

2.3.1 In vs 11-20 kry ons 'n *tweede interpretasie van die voetwassing*. Die voetwassing is nie net sinnebeeld van Christus se kruisdood nie maar ook 'n *voorbeeld* (vs 15) van nederige en dienende liefde waarin die dissipels en kerk Christus moet navorlg. "We would gladly wash the feet of our Divine Lord; but He disconcertingly insists on washing ours, and bids us wash our neighbours' feet" (Temple soos aangehaal deur Morris, p 621).

2.3.2 Ons het hier te doen met 'n baie belangrike gestalte van die *liefde* waaraan Christus sê, ons herken sal word as sy dissipels (Joh 13:34,35). Christus herken sy dissipels aan hulle geloof. Vir Hom is geloof genoeg. Maar die wêreld kan ons nie aan ons geloof herken nie, omdat hulle nie die oë het om dit te sien nie. Vir iets anders het die wêreld 'n skerp oog en 'n fyn gevoel - dit is liefde (Lüthi)! En nêrens is liefde meer geloof= waardig en oortuigend as wanneer dit bereid is tot diens nie.

2.3.3 Nog 'n christelike deug wat groot klem kry hier is *nederigheid*. Fil 2:3-11 is die beste kommentaar hierop.

2.3.4 In vs 17 sê Christus van sy opdrag tot voetwassing: "As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen". Hoe moet ons hier= die vers verstaan? Twee verklarings word gegee wat saamhang met die genu= anseerde betekenis van die griekse woord. *DBB* verkies die vertaling "gelukkig" wat dan sou beteken dat Christus in vs 17 vir sy dissipels sê dat hulle *vreugde* in sy diens afhang van hulle bereidheid om Hom ook op hierdie stuk pad na te volg (Martin). Die ou vertaling "salig" bring, andersyds, op 'n baie sterk manier die geestelike karakter van hierdie geluk na vore. Die woord "salig" dra in die *NT* 'n eskatologiese lading. Dis 'n gelukkigheid wat gegrond is op die wete van die verlossing in Christus. As ons dit aanvaar, dan sê Christus in vers 17 vir sy dissipels

dat hulle saligheid en *verlossing* op 'n manier saamhang met hulle bereid=heid tot hierdie nederige diens. Sover dit ons saligheid aangaan is Christus se daad en ons s'n dus onverbreekbaar. Dit gaan in die navolging van Christus nie maar om 'n onbelangrike, sekondêre stuk van die Christe=like lewe nie (Berkouwer). Barth se onderskeiding tussen 'n *conditio* (Christus se daad) en 'n *consequens* (ons daad) *sine qua non* is baie raak en verhelderend.

2.3.5 In Joh 13:1-20 kan ons sien hoe verknoop die Christologie, soterio=logie en etiek is.

2.4.1 Dit bring ons by Judas. Is dit maar toevallig, bloot terwille van 'n goeie kronologie, dat Johannes direk na Christus se lering oor die impli=kasies van die voetwassing vir die dissipels se lewe, Judas se verraad ter sprake bring? Dit lyk vir ons nie so nie. Daarvoor is Joh 13:1-20 te deurspek van verwysings na Judas (vs 2, 10 en 11; 18 en 19).

2.4.2 Judas wil 'n kerk hê wat heers. "Hij wil zich niet de plaats van het dienen laat aanwijzen" (Lüthi). Reeds voor die maaltyd het Judas op die gedagte gekom om Christus te verraai (vs 2), maar hierdie praatjie van Jesus (vs 11-20) was die laaste strooi. Hierdie les oor bereidheid tot diens, oor liefde en sel-verloëning, oor eie dunk en trots wat gesluk moet word, het Judas finaal laat besluit dat Jesus nie vir hom is nie.

2.4.3 Judas funksioneer in ons geloofsdenke gewoonlik as 'n antipode. Hy dien tot versterking van ons morele selfbesef (Berkouwer). Die Judas-figuur spreek tot ons nie 'n woord van vermaning nie, maar 'n woord van troos. Daar is darem een mens wat slegter is as ek! Wat hy gedoen het, sou ek darem nooit gedoen het nie! So ervaar ons Judas. Dit is gevaarlik. Ons moet oppas om ons te maklik van Judas en sy daad te distansieer. Mattheus sê vir ons dat toe Jesus vir die dissipels gesê het dat een van hulle Hom gaan verraai, hulle eerste *aan homself* gedink het (Matt 26:22)!

2.4.4 Judas staan nader aan ons as wat ons graag sou wou dink, want ook by ons bereidheid tot voetwassing is niks minder as die saligheid op die spel nie! "Waar ook maar in de wêreld de kerk wil heersen op de manier van die heeren van deze wêreld, staat zij altijd maar weer in de teeken van Judas" (Lüthi, p 145). Christus word verraai deur 'n kerk wat nie be=reid is om te dien nie!

## 3. PREEK

3.1 Dehn meen dat hierdie perikoop hom ideaal leen tot prediking tydens die Nagmaalsviering. Die Nagmaal is o.a.'n herinneringsmaaltyd (vgl formulier) waar ons weer gaan nadink oor Jesus en alles wat Hy vir ons gedoen het. Die voetwassing, net soos die Nagmaal is 'n simbool wat die kruis wil interpreteer (Barth). Ons sou dan die volgende skema wou voorstel:

(i) inleiding
(ii) wat gebeur eintlik aan die kruis (2.1.4)?
(iii) hoe reageer die mens gewoonlik hierop (2.2)?
(iv) die implikasies van Nagmaal vir ons lewe elke dag (die bereidheid tot diens) (2.3)
(v) die Judas-figuur as vermaning vir die kerk (2.4).

3.2 As bg dalk 'n bietjie lank is vir 'n Nagmaalspreek sou 'n mens jou kon beperk tot 'n verduideliking van die kruisgebeure (2.1.4) en ons reaksie daarop (2.2) en dan by die danksegingsdiens preek oor die impli= kasies van die Nagmaal (2.3) en die gevaar van verraad wat ook vir ons bedreig (2.4).